**Hoërskool McLachlan**

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-940-2775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za


NUUSBRIEF 30/09 2022

Geagte Ouers/Voogde

1. **Uit die kantoor:**
   Ons het aan die einde gekom van 'n opwindende kwartaal met verskeie hoogtepunte. Die kwartaal was gepak met sinvolle projekte en aktiwiteite wat ons leerders baie geniet het. Hierdie aktiwiteite ondersteun ons fokusareas by McL. Dit is om 'n veilige kindervriendelike mileu te skep wat effektiewe onderrig stimuleer en elke leerder geleentheid bied om sy volle potensiaal te bereik.

   Ons is geseën met 'n beheerliggaam wat die belange van die skool en leerders op die hart dra. Baie dankie vir al julle harde werk en bydrae om die beste vir ons leerders te gee.

   Ons is dankbaar vir die borgekomitee en al ons borge vir hulle finansiële bystand en betrokkenheid by die skool en gemeenskap. Ons waardeer jul bydrae tot die voortbestaan van ons skool.

   Leerders julle is spesiaal en weet dat julle die kroon van God se skepping is. Kom volgende kwartaal doelgerig terug, met jul eie persoonlike plan wat jul vordering gaan verbeter. Onthou dat harde werk belangriker is as talent. Julle word beloon daarvoor en doen dit vir julself.

   Ek wil ook van hierdie geleentheid gebruik maak om my goeie nuus met julle te deel: Ek gaan die Oos-Kaap in Johannesburg op 4 Oktober 2022 verteenwoordig. Ek is deur een van my leerders by 'n vorige skool genomineer en is deel van die top 40-finaliste in die land om gekroon te kan word as "onderwyser van die jaar" onder die verskeie kategorieë. Hierdie kompetisie word aangebied en geborg deur Woolworths en die Departement van Onderwys.

   Ons grootste dank gaan aan ons Hemelse Vader vir al ons seëninge wat ons uit Sy hand ontvang. Baie dankie aan ons ouers, leerders en toegewyde personeel vir hul insette en aandeel in die sukses van die skool.

   Geniet die kort blaaskansie.

2. **Bedankings:**
   - Baie dankie aan die volgende persone:
     Almal wat betrokke was met die Karoo 2 Coast-fondsinsameling. Dit was 'n groot sukses – volgende jaar maak ons weer so.
     Oscar Goncalves vir die leen van sy bussie vir Karoo 2 Coast;
     Johan en Judy Kotze vir die skenk van appels vir die loopbaanuitstalling by HS Paul Sauer.

3. **Vakante betrekking: Finansiële beampte:**
   Mev. Mattheus tree vroeg volgende jaar af.

   Hoërskool McLachlan benodig 'n finansiële beampte wat akkurate boekhouding kan administreer. Die persoon moet oor kennis en ondervinding van finansiële bestuur, administrasie, Pastelboekhouding en Pastel payroll beskik.

   Alle aansoeke moet na info@hsmclachlan.co.za gestuur word.
   Die aansoeke sluit op Vrydag, 7 Oktober.

4. **Borge – 2022**:

McLACHLAN

ONS PLIG ONS LUS

## Hoërskool McLachlan Borgskappe 2022

**Namens al die leerders en leerkragte van Hoërskool McLachlan:**

**'n SPESIALE DANKIE aan al die borge wat ons skool gedurende 2022 ondersteun.**

**U borgskap/skenking word opreg waardeer!**

**BAIE DANKIE**

## PLATINUM BORGE

mpact
smarter, sustainable solutions

Bokmakierie
HOLDINGS (PTY) LTD

AECI®

CORE

Tulpieskraal
BOERDERY

# GOUE BORGE

SAFPRO
SA FRUIT PROMOTERS (PTY) LTD
Growing in Partnership

AGRIMARK

CORTEVA™
agriscience

OCTOFIN
Group of Companies | Together we achieve

Agri Land SSK
Werk saam, SSK Wen saam

GEA Engineering for a better world.

nexus AG
CUSTOMISED CROP SOLUTIONS

UPL
OpenAg™

Joubertina TOYOTA
Tel: 042 273 1320

ORO AGRI®
— A ROVENSA COMPANY —

FRESHGOLD

herotel

# SILWER BORGE

GRANOR PASSI

KOUGA
SUPPLIERS

DUTOIT

Röyal

LE
LANGKLOOF ELEKTRIES
076 291 1626

santam

CAPESPAN

WILCO ENGINEERING
& TYRE SERVICES
Tel: 042-273-1907 Email: admin@wilcotyres.co.za

DK Buildings

agriplas
PERFECT WATER MANAGEMENT SOLUTIONS

# SILWER BORGE

syngenta®

AGRICO

villa

PHILAGRO
PRODUKTE WAT WERK
VAN MENSE WAT OMGEE

Multiwrap Packaging
MP
FSSC 22000

J. BALDIE & SONS
B
MISGUND ORCHARDS

KLOOFPLASE

THE CO-OP
DIE KOOPERASIE

WENKEM S.A.
Geen alternatief vir kwaliteit
Louis Kritzinger - 082 925 8402 | www.wenkem.co.za

HORTEC

iLeaf

# SILWER BORGE

John Deere
Trekker en Diesel
Oudtshoorn - 044 272 2268

FNB
First National Bank

VIKING

InteliGro
intelligent crop solutions

Santam
Structured Insurance Limited

handitronix
=SECURITY SERVICES=

Beskerm ons Aarde
Grondberoking
Schalk Walters
083 301 5298

Standard Bank

Millfreight Transport & Consulting (Pty) Ltd.
T/A WILCO TRANSPORT

MetsonWorld

SOUTHERN FRUIT GROWERS

# BRONS BORGE

Sanra Alberts
084 789 8000
SAPCOR
We specialise in:
Business, personal, guesthouse, and agri-insurance

B&J Handelaars

4PACK

Jay Dee Farms

Letabakop Farms (Pty) Ltd.
APPLE A DAY

Lanko
Tel: (042) 272 1313
Fax: (042) 273 1486
email: admin@lanko.co.za
web: www.lanko.co.za
VERPAKKERS VAN KWALITEIT VARS VRUGTE / PACKERS OF QUALITY FRESH FRUIT

mazars

Ronnies Motors
Welcome to Your World of Premium Brand Motoring

YARA
Knowledge grows

Tru-Cape South Africa
Apples & Pears
Takeaways from Nature!

# BRONS BORGE

Southern Storage Solutions (PTY) Ltd
DEXION
RACKING & SHELVING SYSTEMS
Tel: 021 552 0220

chempac
progressive agri-care

SPECTRA

Koppert

FIT SAFETY

BUCO

FMC

Landmeg Landini

STARGROW

DC Fruit Packers (Pty) Ltd
Krakeelrivier GPS: -33.811913,23.737204
DC FRUIT
Jay Dee

# BRONS BORGE

MEGAQUIP

O.J.M. GONCALVES t/a OSCAR MOTORS
POSBUS 41, KRAKEEL RIVIER, 6430
HOOFSTRAAT NR. 1, KRAKEEL RIVIER, 6430
(T): 042 274 2208 / (F): 086 561 6578
oscarmotors@langkloof.net
oscar1@langkloof.net / oscar2@langkloof.net
VAT: 4390108191

UD TRUCKS

KLOOF PHARMACY 6031129
ANDRE P BENCE
Dip. Pharm. (MPS)
10d Main street
P.O.Box 103
Joubertina 6410
Phone: 0422731506
Fax: 0422732477
Cell: 0834527269
Email: admin@kloofpharmacy.co.za
Your health is our business
U gesondheid is ons besigheid

delecta
fruit | marketing | export

BASF
We create chemistry

STERIELE INSEK TEGNIEK
FRUITFLY AFRICA
STERILE INSECT TECHNIQUE

NITROPHOSKA
KUNSMIS | FERTILISER

FRUIT AME SIZERS
FRUIT SIZERS & ALLIED
083 463 4332
082 925 9177

# MAROEN BORGE

Draslovka

LANGKLOOF AFSLAERS & EIENDOMSAGENTE B.K.

MY KANTOOR
Pieter Walters
2 Kritzinger Str, Joubertina
076 193 1644
pieterw@langkloof.net

Dr O J Strydom

Linda Baldie

DSR
FARMING (PTY) LTD
DAM-SE-RUG

Louterwater Landgoed

FINMAP
FINANCIAL SERVICES

# MAROEN BORGE

moov
Fuel & Lubricants

TRELLIDOR®
THE ULTIMATE CRIME BARRIER

Gas At Site

Zane Fouche

Sterkman Boerdery

KLOPAK

042 273 1583
GRANNY'S

CONTROLUNION

DFM Technologies Pty Ltd
Farming with pinpoint precision

5. **<u>Merietelys – kwartaal 3</u>:**

| | 1. | 2. | 3. | 4. | 5. |
|---|---|---|---|---|---|
| Gr. 4 | Eric Greeff 92% | Nicky Muller 90% | Alexander Baldie 88% | Marthinus Lewis 85,83% Waldo Strydom 85,83% | Janko Murray 85,17% |
| Gr. 5 | Amoné Botha 89% | Matthys Wright 88% | David Baldie 86% | Kauthar Sadien 84% | Kehan Labuschagne 83% |
| Gr. 6 | Lilitha Ferreira 91,83% | Ockert Koorzen 91% | Alana Johnston 89% | Le Roux Muller 88,83% | Kaylee Barnard 88,17% |
| Gr. 7 | Naudé Meyer 95% | Bella-Mae Strydom 89% | Lohan Strydom 87% | Tertius Strydom 85,67% | Amish Roberts 85% |
| Gr. 8 | Feyolin Kapank 80% | Charmoné Landman 78% | Divan Landman 77% | Shané Qwazi 76% | Keira de Gouveia 73% |
| Gr. 9 | Ria-Mi Ferreira 96% | Gerbri Ferreira 87% | Anlea Ferreira 81% | Jayden Zivale 74% | AJ Theron 73% |
| Gr. 10 | Elanie Kritzinger 93% | Arné Oelofsen 90% | Emelee Smith 89% | Sesihle Khova 86% | Kara Roberts 80% |
| Gr. 11 | Miencke Strydom 89% | Taryn Koelman 87% | Sjanique Alberts 85% | Janco de Kock 83% | Adri van Wyk 82% |
| Gr. 12 | Zack Strydom 78% | Abigail Kleyn 73% | Tiaan Rautenbach 70% | Shamell Maphomey 66% | Darnell Wagenaar 63% |

6. **<u>Kwartaalprogram</u>:**
Elke jongste/enigste leerder het vandag 'n harde kopie van kwartaal 4 se program ontvang.

7. **<u>Graad 9-inligtingsaand</u>:**
Alle graad 9's en hul ouers word uitgenooi na hierdie belangrike geleentheid op Woensdag, 12 Oktober, om 19:00 in die skoolsaal. Leerders en ouers gaan die geleentheid kry om met die gr. 10-onderwysers te gesels om hulle te help om die regte vakkeuse vir graad 10 te maak.

8. **<u>Ouerdag, Dinsdag, 18 Oktober</u>:**
Ouers is welkom om op Dinsdag, 18 Oktober, vanaf 15:00 tot 19:00, die personeel oor u kind se akademiese vordering te kom spreek.
Afsprake moet by mev. Daleen Strydom gemaak word. Die maak van afsprake sluit op Dinsdag, 18 Oktober, om 12:00.

9. **<u>Finansies</u>:**
- Busgeld vir die vierde kwartaal op die McLachlanbus moet asseblief teen 21 Oktober 2022 betaal wees, ten einde 'n plek op die bus te verseker.
- Die **kopieerkoste van R520** per leerder vir 2022 moes teen 25 Maart 2022 vereffen gewees het – daar is egter nog heelwat uitstaande. Ons versoek ouers vriendelik, dog dringend, om die uitstaande kopieerkoste so gou moontlik te betaal. Die skool moet huurgeld vir die fotostaatmasjiene betaal, en ink en papier koop. Ons maak staat op u samewerking.
- Ons versoek ouers wat skoolfonds per EFT of by die OTM betaal, om u kind se naam en van op die verwysing te sit, en die betalingsbewys na mev. Mattheus by admin@hsmclachlan.co.za te stuur. Skoolfonds en ander betalings kan nog steeds by die skool gedoen word, indien u nie van bogenoemde metodes gebruik wil maak nie.

herotel

Ons merk dat daar heelwat ouers is wat agterstallig is met die betaling van skoolfonds. Die skool kan nie die deure oophou indien ouers nie hulle finansiële verpligtinge teenoor die skool nakom nie. Die leerders ontvang kwaliteit onderrig, dus is dit onregverdig dat betalende ouers, selfs onder moeilike finansiële omstandighede, leerders van ouers wat versuim om skoolfonds te betaal, moet subsidieer. Ons opregte dank aan ouers wat gereeld hulle finansiële verpligtinge teenoor die skool nakom.

| | | |
|---|---|---|
| Bankbesonderhede: | Bestuursliggaam HS McLachlan | |
| | ABSA Rekeningnommer: | 1970 430047 |
| | Tipe rekening: | Tjek |
| | Takkode: | 334415 |
| | Verwysing: | **Kind se naam + van** |

10. **Langkloof-Bloeiselfees: 26 – 30 Oktober 2022**:

Koop betyds u kaartjie om teleurstelling te voorkom. Let asseblief daarop dat besprekings vir die vrouedag asook Appel/Franja eers gedoen word, sodra bewys van betaling ontvang is.

| Datum: | Aktiwiteit: | Plek: | Koste: | Kaartjies beskikbaar by: |
|---|---|---|---|---|
| Wo.<br>26 Okt. | Vrouedag | Kerksaal | R150 | Daleen Strydom<br>042 – 940 2775<br>info@hsmclachlan.co.za |
| Vr.<br>28 Okt. | Franja & Appel | George McLachlan-saal | Tafels:<br>R180<br>(ongeag ouderdom)<br><br>Rye stoele:<br>R 120<br>[Volw/HS-leerders]<br><br>R90<br>[LS/VS/Pensioenarisse] | Augusta Mattheus<br>042 – 940 2775<br>admin@hsmclachlan.co.za |
| Sa.<br>29 Okt | Kaskarresies | Rugbyveld | VS – Skopfietse: R50<br><br>Juniorspan: R200<br><br>Seniorspan: R250<br><br>Volw/Plaas/Besighede:<br>R500<br><br>Uitdaag: R200<br>Inskrywings sluit hektoegang in. | Inskrywingsvorms beskikbaar by:<br>Daleen Strydom<br>042 – 940 2775<br>info@hsmclachlan.co.za |
| Sa.<br>29 Okt. | Wicus v.d. Merwe | Tent | Ingesluit by Saterdag hektoegang. | N.V.T. |
| Sa.<br>29 Okt. | "Dodgeball"-kompetisie | Sportveld | Spanne van 5 deelnemers @R50 per span. | Kontak juf. Debbie de Jager vir verdere inligting. |

Appel en Franja:

- Die tafelkaartjies is bespreekte plekke.
- Die tafels het sitplek vir 8 persone.

herotel

- Die kaartjies sal gereed gekry word, sodra 'n betalingsbewys gestuur is na admin@hsmclachlan.co.za, asook die name van die persone aan die bespreekte tafel, ontvang is – dit is om misverstande met tafelplasings te voorkom.
- Die kaartjies kan by die skool by mev. Mattheus afgehaal word, of alternatiewelik by die hek tydens die feesnaweek.

Indien u 'n elektroniese betaling doen, e-pos die bewys van betaling aan Daleen of Augusta soos aangedui.

| | | |
|---|---|---|
| Bankbesonderhede: | Rekeningnaam: | **Langklooffees** |
| | Bank: | FNB Joubertina |
| | Takkode: | 210315 |
| | Rekening nommer: | 620 2722 6978 |
| | Verwysing: | **U naam en die aktiwiteit.** |

C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 940 2775
Cell: +27 (0) 64 650 9453

Hoërskool McLachlan

herotel
McLachlan Internet Fasiliteit